

## Hebreërs 9:1-22

### Jesus Christus kom in die wêreld as mens – daarom glo ek

#### Inleiding

- Ons is die laaste twee Sondae al besig met 'n reeks oor die 12 artikels.
  - Ons het twee weke gelede begin met God as die Vader wat ook die Skepper is van alle dinge.
  - Laasweek het ons vanuit Jesaja 9 die goeie nuus gehoor dat Jesus self ook God is en dat daar reeds in die ou testament oor Christus geprofeteer word.
    - So staan ons al twee weke stil by die Godheid.
      - Die Vader is God, die Seun is God en ons gaan later as die Here wil, ook stilstaan by die Heilige Gees as God.
- Maar vanoggend staan ons stil by die menswording van Jesus Christus.
  - In die 12 artikels bely ons - *wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria.*
  - Soos ons laasweek ook gehoor het is die feit dat ons Jesus Christus bely, een van die fondasie stene van ons christelike geloof.
    - Sonder Jesus Christus, is ons geloof leeg.
      - Maar dit sluit nie net die Godheid van Jesus Christus nie, maar ook die belangrike feit dat Jesus ook mens geword het.
- In Hebreërs 9 lees ons van die belangrikheid van Jesus se menswording.
  - Sy werke wat Hy kom doen het as mens en daarmee saam ook die gevolge wat dit vir ons inhou.
    - Daarom word ons vanoggend weer verseker dat Jesus en die wêreld kom as mens – daarom glo ek.
      - Ons gaan stilstaan by drie kerngedagtes.
        - Christus is 100% mens in sy wese
        - Christus is 100% mens in sy werke
        - Die gevolge van Christus se menswording

#### Christus is 100% mens in sy wese

- Jesus Christus is 100% God en 100% mens.

- In ons beperkte menslike begrip is hierdie beginsel moeilik om te verstaan.
  - Tog word Jesus aan ons geopenbaar as God en geopenbaar as mens.
    - Laasweek het ons duidelik gesien hoe Christus in sy wese en werke God is.
    - Vanoggend gaan ons dan sien hoe Christus ook in sy wese en werke mens is.
- Die Hebreërs brief word aan gelowiges in die vroeë kerk geskryf wat 'n sterk Joodse agtergrond gehad het.
  - Die skrywer se fokus in die hele boek is om vir die lesers te verduidelik dat Christus beter is.
    - Christus is beter as Moses.
    - Christus is beter as die engele.
    - In Hebr. 8 gaan die skrywer verder om te beskryf dat Jesus die bedienaar is van 'n beter verbond.
      - Hier in Hebr. 9 wat ons saamgelees het, gaan hy dan verder om dit in besonder te beskryf.
  - Hy vat die lesers terug na die eerste verbond van die Ou Testament.
    - Hy begin met die verbondstent.
      - Hierdie tent wat later deur die tempel vervang is, was simbolies vir die woonplek van God tussen sy volk.
        - God se teenwoordigheid het self die tempel se allerheiligste geul soos wat ons lees in 2 Kron. 7.
        - So was God altyd tussen sy volk gewees.
    - Saam met die verbondstent word die pligte van die hoëpriester dan ook uitgewys.
      - Die hoëpriester moes een maal per jaar self in die allerheiligste ingaan om 'n offer te bring vir sy en al die volk se sonde.
        - Die priester moes vir homself ook boetedoening doen.
        - Die offer was ook van kragte sodat hy rein kon word.
          - Die priester kon eers in die allerheiligste ingaan as hy rein verklaar is deur 'n offer te bring.
            - Maar hierdie offers was nie van kragte om sondes te vergewe nie.
              - Hierdie offer het iemand uiterlik rein gemaak.
      - Die fokus van hierdie offers en die offersisteam was gefokus op die uiterlike.
        - Dit was spesifiek sodat die volk moet verstaan dat dit tekens is.

- Soos wat die water van die doop nie fisies ons sondes afwas nie, en soos wat die brood en die wyn nie fisies die liggaam van Christus is nie, so betaal die offers nie fisies vir die sondes van die volk nie.
    - Dit was beelde wat gewys het na dit wat gaan kom.
- Daarom sien ons nou die draaipunt in ons teks.
  - In die eerste 10 verse word die ou verbond beskryf.
    - In vers 11 wys die skrywer nou terug sodat die lesers kan sien dat Christus die vervulling is van hierdie ou verbond en Hy is beter.
    - Christus is beter nie omdat Hy God is nie, maar ook omdat Hy mens geword het.
      - Christus het mens geword – Hy was fisies ‘n mens, net soos ek en jy.
      - Hy het gehuil met die dood van Lasarus.
      - Nadat Hy veertig dae gevas het lees ons in Matt. 4 dat Hy honger geword het.
      - Aan die kruis het Hy uitgeroep dat Hy dors was.
        - Hy het gevoelens en emosies gehad soos enige ander mens.
          - Daarom kon Hy vir ons as Hoëpriester optree.
            - Die hoëpriester was die mens se verteenwoordiger by God gewees.
              - As mens, praat Hy namens die mense, by God.
  - Sy werk is nie in die verbondstent of in die tempel nie.
    - Hy werk nie in ‘n aardse tent nie.
      - Hy werk nie in iets wat deur mense gemaak is nie, maar Hy werk waar dit nie kan vergaan nie.
  - In vers 12 lees ons die belangrike frase – “met sy eie bloed”.
    - God kan nie bloei nie.
      - God kan nie doodgaan nie.
      - Daarom is die rede dat Christus mens geword het, juis ook sodat Hy kon sterf.
        - Hy moes kon bloei.
          - Christus het mens geword, sodat Hy ook sterflik kon wees.
          - Christus se menswording het Hom in staat gestel om die verbond te kon vervul, want daar moet bloed vloei.
  - Daarom is Christus volkome mens.

- Maar sy werke self getuig ook daarvan dat Hy 100% mens is.

### Christus is 100% mens in sy werke

- Ons sien in Christus se werke dat Hyself ook 100% mens is.
  - Hy tree werklik vir ons in as 'n middelaar.
    - Hy verteenwoordig ons by God en Hy praat ook met ons as God.
- Sy werk as mens word ook sigbaar in sy offer.
  - Die skape en beeste in die ou verbond het nie self na die altaar toe gestap en hulle kele afgesny nie.
    - Die diere was nie vrywillige offers nie.
    - Maar Christus het Homself geoffer.
      - Hy het Homself gegee as offer.
- Daarom is Hy nie net die priester nie, maar ook die offerlam.
  - Die feit dat Christus doodgegaan het, getuig dat Hy mens was.
  - Die feit dat Hy gebloei het, getuig dat Hy mens was.
    - Ons lees in Luk. 23:46 – *“Vader, in u hande gee Ek my gees oor”*
      - Christus was nie passief in sy sterfte nie.
        - Hy was aktief besig in sy dood.
          - Hy het sy lewe oorgegee aan God die Vader.
- Dikwels word ons gekonfronteer met die vraag – as God almagtig is en 'n God van liefde is, dan kan Hy mos al ons sondes vergewe sonder dat Christus aan die kruis moes sterf.
  - Maar in Christus se menswording, word God se regverdigheid op 'n kragtige wyse geopenbaar.
    - In Hebr. 9:22 lees ons - *“en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie”*
      - God is regverdig en vereis daarom dat 'n prys betaal word.
        - Christus betaal hierdie prys wanneer sy bloed vloei aan die kruis.
        - Hy betaal die prys sodat daar vergifnis kan wees.
          - Hy betaal nie hierdie prys een maal per jaar nie.
            - Hy betaal die prys een maal.
            - Daarom kan Hy uitroep aan die kruis – Dit is volbring.
              - Dit is betaal.
              - Dit is genoeg.
              - Dit is nie weer nodig nie.
  - Daarom word die testament van Christus ook genoem in Hebr. 9.

- 'n Testament tree in werking wanneer iemand sterf.
  - En dit wys vir ons die unieke karakter van Jesus.
    - Sy werking tree nie net in werking omdat Hy gesterf het nie, maar ook omdat Hy opgestaan het.
      - Die woord testament kan ook vertaal word met verbond of belofte.
      - Daarom is Christus nie net die nuwe testament nie, maar ook die nuwe belofte en verbond.
        - Omdat Hy mens geword het kan ons ook vashou aan die nuwe beloftes.

### Die gevolge van Christus se menswording

- Christus het mens geword.
  - Hy is dieselfde as ek en jy in alle opsigte, behalwe vir een.
    - Hy was sondeloos.
      - Omdat hy sondeloos is is Hy die volmaakte priester en volmaakte offer.
        - Hy hoef nie eers rein te word nie, want Hy is nie sondig nie.
- Ons kan nie die feit dat Christus God is en mens is, losmaak van mekaar nie.
  - Hy het sy Godheid nooit prysgegee nie.
    - Omdat Christus mens geword het, het Hy die verbond vervul wat God met Abraham gemaak het in Gen. 15.
      - “In jou sal die nasies geseën wees”
- Christus se menswording maak ons oë oop om te verstaan wie God is.
  - *Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. 10Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. (1 Joh. 4:9-10)*
  - Omdat Christus mens geword het, is daar vir ons lewe.
    - Dit is die nuwe beloftes in Christus.
      - Jy is nie meer 'n slaaf van die sonde nie, want Christus het na die wêreld toe gekom om die sonde te bedek en te vernietig.
        - Christus het na die wêreld toe gekom as sondeloos, want ek en jy kon nie.
- Geen ander mens kan doen wat Christus gedoen het nie, want geen ander mens is waarlik God en mens nie.

- Geen ander mens is sondeloos nie.
- Daarin word Hy uit Maria gebore om te wys dat Hy mens is.

## Slot

- Wanneer ek dan bely dat Jesus Christus ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria, maak dit my nederig.
  - In my sondige gebrokenheid het ek dit nodig gemaak dat God sy enigste Seun na die wêreld stuur.
    - Ek het dit nodig gemaak dat iemand onskuldig ter dood veroordeel word, omdat ek nie sondeloos is nie.
- Soos wat ons verder gaan in hierdie reeks gaan ons ook later stilstaan by die lyding wat Christus deurgegaan het.
  - Dit alles sonder dat Hy dit verdien het.
    - Daarom is elke feit wat ek bely in die geloofsbelydenis 'n uitroep van danksegging dat God in sy groot genade al hierdie dinge is en doen sodat ek kan besef dit is alles vir my.
- Christus het mens geword.
  - Christus het mens geword vir my.
    - Hierdie beloftes is vir my.
    - Hierin lê my redding.